

Lekkerbekkie Nuusbrief

2 JULIE 2014 | UITGAWE 63



Inhoud:

- * Gratis kinder storie: Die dinosaurus se tandeborsel
- * Produk van die week
- * Gratis inkleurprentjie

annaemm
kinderstories



Teken in en ontvang elke week 'n gratis *Lekkerbekkie Nuusbrief*: lekkerbekkie@annaemm.co.za

Die dinosaurus se tandeborsel deur Anna Emm

Lank, lank gelede het daar 'n yslike, groot dinosaurus in 'n oop grasveld gewoon. Dáár het hy elke dag aan die soet, groen gras geknibbel tot sy maag vol was daarvan, dáár kon hy sy groot bene strek sonder om iets om te stamp, en daar het hy niemand gepla as hy sy harde dinosaurus-brul wou oefen nie. Jip, die oop grasveld was beslis 'n baie goeie huis vir 'n dinosaurus soos hy!

Die dinosaurus was nie net groot en sterk nie, hy het ook 'n pragtige stel skerp, wit tande gehad waarop hy baie trots was. Elke oggend en elke aand het hy sy tande geborsel met sy reuse tandeborsel – heen een weer, of en af, tot die skuim so staan! Hy het gesorg dat hulle altyd mooi blink en gesond is.

Alles het goed gegaan, maar een oggend kon die dinosaurus nie sy tandeborsel kry nie! Dit was nie op die groot klip waar hy dit gewoonlik gesit het nie! Hy het haastig oral begin soek, want daar het grasstingels tussen sy tande vasgesit en hom vreeslik gepla. Hy het die hele grasveld vol gesoek, maar hy kon nie sy tandeborsel kry nie. Brom-brom stap hy toe na die klipperige rivierwal toe om sy tandeborsel dáár te gaan soek. Al die diertjies wat langs die rivier woon, het hulle boeglam geskrik vir die dinosaurus! Jy het net paddas en eendjies en reiers in alle rigtings sien skarrel soos hulle probeer het om weg te kom voor sy groot voete. Hulle kon sommer sien hy was in 'n slegte bui.

Maar die tandeborsel was nie langs die rivier nie, en die dinosaurus stap toe maar knorrend en morrend aan na die bosgebied toe waar die hoë bome groei. Die diertjies wat in die bos woon – die apies en die bokkies en die hasies en die voëls – het hulle kedinks geskrik vir die yslike dinosaurus, en verskrik weggeskarrel.

Maar die tandeborsel was ook nie in die bos nie. So toe stap die groot dinosaurus maar aan na die berge toe, na die sandveld toe, na die vlei toe, om dit te gaan soek. En oral waar hy gestap het, het hy die arme diertjies verskrik weggejaag.

“Dit kan nie so aangaan nie!” het die diere benoud geroep. “Ons moet die dinosaurus se tandeborsel kry dat hy kan teruggaan grasveld toe en ons met rus laat.”

Skaam-skaam het die muise vorentoe gekom. “Dis alles ons skuld,” het hulle gesug. “Ons het die dinosaurus se tandeborsel geleen om vir ons netjies paadjies voor ons huisies te vee, en ons het vergeet om dit terug te sit!”

Almal was baie vies vir die muise, maar daar was nie tyd om te mors nie. Die diere het dadelik die groot tandeborsel silwerskoon gewas en gaan terugsit op die klip in die grasveld. Toe die dinosaurus dit kry, het hy dadelik sy tande geborsel – eers links en dan regs, dan onder en dan bo – tot die skuim so staan. En hy het niemand ooit weer gepla nie.

**Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinder storie-produkte!
Kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za**

Produk van die week

Stories vir klein prinsies en prinsessies!

Het jy geweet die skrywer van ons Lekkerbekkie-stories, Anna Emm, het al meer as 2000 Afrikaanse kinderstories vrygestel? Meeste van hierdie stories is op CD opgeneem deur bekende name soos Gys de Villiers, Anrich Herbst, Anna-Mart van der Mewer, Diaan Lawrenson en Vicky Davis! Lekkerbekkie Tydskrif is 'n produk van ANNA EMM (PTY) LTD – tans die grootste vervaardiger van kinderstories in die land. Besoek www.AnnaEmm.co.za vir 'n volledige katalogus.

Hierdie week is die eerste drie CD's in die "Prinse en Prinsesse"-reeks teen slegs R99 elk beskikbaar - as jy dit deur een van ons agente bestel! Elke dubbele-CD het 8x lekkerluister stories op! Kontak 'n Anna Emm-agent naby jou vir meer inligting, of bestel hierdie CD's teen die gewone prys van R130 elk direk by ons kantoor.

Vier ure se luister-stories in Afrikaans!

deur Anna Emm

CD 1 - dubbele CD

CD 2 - dubbele CD

CD 3 - dubbele CD

**Spesiale aanbod:
Kry CD 1, 2, en 3 vir slegs R99 elk!**

Gewone prys R130 elk - spaar R31 per CD!

<p>Stories op CD 1:</p> <ol style="list-style-type: none">1. Prinses Jana en die seerower2. Prinses Jana en die groot vuur3. Prins Dirkie en die blink vis4. Prins Dirkie en die groot gevaar5. Prinses Mientjie en die goor grotman6. Prinses Mientjie skryf 'n storie7. Prins Thomas en die sewe slapies8. Prins Thomas en die apie	<p>Stories op CD 2:</p> <ol style="list-style-type: none">1. Prinses Pippie en Katjie Kwaai2. Prinses Pippie en die na-aper3. Prins Pieter en die ruimteman4. Prins Pieter en die nuwe bure5. Prinses Babsie en die slaapwandelaar6. Prinses Babsie en die Koning se mantel7. Prins Frikkie en Koning Snorkelmorkel8. Prins Frikkie en die vreemde sleutel	<p>Stories op CD 3:</p> <ol style="list-style-type: none">1. Prinses Jana en Niggie Babatjie2. Prinses Jana en die slakke3. Prins Dirkie en die versteekte tunnel4. Prins Dirkie en die kompas5. Prinses Mientjie en Klaas Vakie6. Prinses Mientjie en die likkewaan7. Prins Thomas en die waelwaters8. Prins Thomas en die vlieënde tas
--	---	---


Aanbod sluit 7 Julie

Word 'n Anna Emm storie-agent!

As jy belangstel om self 'n agent vir Anna Emm se kinderstories te word, kontak agente@annaemm.co.za | 021 930 0908

Gratis inkleurprentjie

Die dinosaurus se tandeborsel illustrasie deur Elanie Bieldt



Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinder storie-produkte!
Kontak lekerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za